

Algemene Sinode 2019 – Reglement 5

REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE TAAKSPAN ARGIEF

1. NAAM

Algemene Taakspan Argief (ATA).

2. SAMESTELLING

2.1 Die taakspan van sewe lede word deur die Algemene Sinode saamgestel uit

2.1.1 'n argivaris of persoon belas met die argief uit elk van die kerkargiewe te

Stellenbosch,

Bloemfontein,

Pietermaritzburg,

Pretoria (Oostelike Sinode) en

Windhoek;

2.1.2 een kundige op die terrein van argiefwese (Die kundige moet verkieslik 'n dosent aan een van die universiteite wees waar teologiese studente opgelei word) en

2.1.3 die bestuurder van die Argief in Stellenbosch, synde die “adjunk-inligtingsbeampte van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir die doeleindes van Wet 2 van 2000 en Wet 4 van 2013” te wees, wat 'n ex officio lid met stemreg van die Algemene Taakspan Argief is.

2.2 Die Algemene Sinode wys sekundi vir elkeen van bogenoemde primariuslede aan. Indien sowel die primarius- as die sekunduslid nie meer beskikbaar is nie, wys die Algemene Sinode Moderamen, op aanbeveling van die betrokke sinodes of hulle gevolmagtigdes, 'n nuwe verteenwoordiger en sekundus aan.

2.3 Indien sowel die primarius- as die sekundus kundige lid nie meer beskikbaar is nie, het die taakspan die bevoegdheid om 'n plaasvervanger kundige aan te wys.

3. OPDRAG

Die Taakspan se opdrag is die

3.1 formulering van 'n algemene argiefbeleid vir die Kerk;

3.2 advisering van die onderskeie sinodes se argiefkommissies oor die opstel van argiefreglemente en handleidings;

3.3 bevordering van die teologies-wetenskaplike arbeid van die kerkargiewe ten einde die institusionele geheue van die kerk uit te bou en die kerk in staat te stel om sy werksaamhede op 'n verantwoordelike en pragmatiese wyse voort te sit;

3.4 koördinerings van werksaamhede van die argiewe van die onderskeie sinodes;

3.5 advisering van die onderskeie sinodes se argiefkommissies oor die toepassing van relevante wetgewing;

3.6 kontrolering dat die onderskeie kerkargiewe voldoen aan die standaardvereistes vir doelmatige en veilige bewaring van argivalia;

3.7 toesig oor die bewaring en ontsluiting van die Algemene Sinode se eie argivalia by die aangewese kerkargief;

3.8 toesig oor die opstelling van die In Memoriam-verslae van amptenare en ampsdraers in diens van die Algemene Sinode;

3.9 bevordering van die bekendstelling van die geskiedenis van die Kerk as geheel; en

3.10 verslagdoening aan die Moderamen en die Algemene Sinode.

4. VERGADERINGS

4.1 Die taakspan vergader minstens een maal per jaar.

4.2 Die taakspan kies 'n voorsitter, ondervoorsitter en skriba uit eie geledere. 'n Lid kan nie vir meer as twee termyne in dieselfde posisie verkies word nie.

4.3 Die sakelyst maak by elke vergadering voorsiening vir

4.3.1 verslagdoening oor die uitvoering van die taakspan se opdragte en

4.3.2 'n oorsig oor die finansiële state en begroting van die taakspan.

4.4 Op die laaste vergadering van die taakspan se termyn, word kundige lede benoem met die oog op benoeming deur die Algemene Sinode.

4.5 Die taakspan se vergaderings kan van tyd tot tyd uitgebrei word tot 'n konferensie waarheen argivaris van ander kerke en ander toepaslike kundiges en belangstellendes uitgenooi kan word om op eie koste deel te neem. Die doel van so 'n konferensie is onder andere om

4.5.1 die werksaamhede van die argiewe van die onderskeie kerke deur onderlinge samewerking te bevorder;

4.5.2 uitvoering aan die taakspan se opdrag te kan gee ten opsigte van die bevordering van die teologies-wetenskaplike arbeid van kerkargiewe en om

4.5.3 enige ander sake te bespreek wat kerkargiewe raak.

5. DAGBESTUUR

5.1 Die taakspan het nie 'n dagbestuur nie.

6. BEGROTING

6.1 Die taakspan begroot vir een vergadering/konferensie per jaar.

- oOo -